# In Christus word jy jonger na die jongste dag

Geseënde Kersfees en hartlik geluk met jou verjaardag. Nou, hoe oud is jy vandag? Nee ek weet nie. Wat ek egter weet is dit: Jy is vandag 'n jaar jonger. Dit kan tog nie wees nie! As 'n mens verjaar word jy tog ouer. Op jou geestelike verjaardag is die omgekeerde egter waar. Jy word jonger na die jongste dag. Hier het ons met die omgekeerde tydsrekening te doen.

In die geslagsregister word aangetoon hoedat God die geskiedenis en geslagte gebruik om die koms van die Verlosser moontlik te maak. Matteus begin by Abraham en met elke naam wat hy neerskryf, kom hy al nader en nader aan Jesus se geboorte. As hy by Abraham begin is daar nog 42 geslagte voor. Met Dawid is daar nog 28 geslagte voor. Met die Babiloniese ballingskap nog 14 geslagte. En dan met Josef is ons op nommer 41. Sien jy hoedat Matteus met die geslagsregister beskryf hoe die tyd al korter word na Jesus se geboorte toe? Eers is daar 42 geslagte. Later 28 en nog later slegs 14. En dan is Jesus daar! Ons kan met reg sê: Die tyd word al jonger na die jongste dag. Nou is dit opmerklik dat die tyd waarin ons nou leef in Openbaring simbolies voorgestel word as 42 maande. Nommer 42 is die wederkoms. Ons is nou op pad van Jesus se geboorte (sy werkstyd), na sy wederkoms (sy oestyd). In die hoeveelste tyd ons vandag leef, dit weet ons nie. Wat ons wel weet is dit: ons is weer 'n jaar nader aan die wederkoms. Ons is weer 'n jaar jonger. Dit is wat Kersdag aan ons verkondig: jy word jonger al word jou hare gryser en minder. Moenie leef soos 'n ou en afgeleefde "der dagen sat" gelowige nie. Al lyk die toekoms hoe donker, daar is niks om voor bang te wees nie. Ons Koning kom en ons is Koningskinders!

Sing: Psalm 118:12 Ds. CS. Grobler (Stellenbosch)